higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 2

(9020042)

13 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–15:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs 'n pen met BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die term *sekondêr* het betrekking op die tweede vlak van sorg.

1.1.2 Gesondheidsorg raak almal.

1.1.3 Primêre gesondheidsorg is tydens apartheid in Suid-Afrika ingestel.

1.1.4 Alle Suid-Afrikaanse burgers het toegang tot gesondheidsorg.

1.1.5 Ons gebruik 'n selektiewe benadering tot primêre gesondheidsorg in Suid-Afrika.

1.1.6 Gelykheid is 'n belangrike beginsel in die omvattende benadering tot primêre gesondheidsorg.

1.1.7 Die Departement van Water en Sanitasie is verantwoordelik daarvoor om water aan alle Suid-Afrikaners te voorsien.

1.1.8 Die geïntegreerde voedingsprogram fokus daarop om voedsel aan mans in Suid-Afrika te voorsien.


1.1.9 Gesondheidsopvoeding het betrekking op aktiwiteite wat gemeenskappe oor gesondheidsorgkwessies opvoed.

1.1.10 Gemeenskapsklinieke voorsien nie dienste vir die voorkoming van SOS'e ('STDs') nie.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Bestudeer die diagram hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



1.2.1 Wat is die punt van toetrede? (2 × 1) (2)

1.2.2 Verduidelik die verwysingstelsel van primêre vlak van sorg tot tersiêre vlak van sorg. (3 × 3) (9)

1.2.3 Gee TWEE voorbeelde van die soort behandeling wat 'n mens op die primêre vlak van sorg sou kry. (2 × 2) (4)

1.3 Verduidelik die funksie van die distrikgesondheidsorgstelsel, naamlik 'die voorsiening van gesondheidsorg op die effektiefste en doeltreffendste manier moontlik'. (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Omgewingsfaktore word as ... geklassifiseer.

A sosio-ekonomiese, politieke, geografiese en demografiese faktore
B maatskaplike, politieke, geografiese en demografiese faktore
C sosio-ekonomiese, globale, politieke en demografiese faktore
D maatskaplike, politieke, globale en demografiese faktore

2.1.2 Toe die ... aan bewind kom, het hy die gesondheidsorgstelsel na 'n nasionale gesondheidstelsel verander.

A DA
B IFP
C ANC
D EFF

2.1.3 Daar was verskille tussen ryk en ... mense tydens apartheid.

A welvarende mense.
B welgestelde mense.
C buitelandse mense.
D arm mense.

2.1.4 Waarvoor staan WGO?

A Wêreldgastritisorganisasie
B Water- en Gebiedsorganisasie
C Wêreldgesondheidsorganisasie
D Welstandsgroeporganisasie

2.1.5 Die gesondheidsorgbegroting word deur die ... bepaal.

A Minister van Gesondheid
B Minister van Veiligheid en Sekuriteit
C Minister van Finansies
D Minister van Maatskaplike Ontwikkeling

2.1.6 'n ... is NIE 'n voorbeeld van 'n hoogs geskoolde professionele persoon in die gesondheidsektor nie.

A Laboratoriumassistent
B Tandarts
C Chirurg
D Mediese dokter

2.1.7 Die ... stel die meeste mediese beroepslui aan.

A Departement van Binnelandse Sake
B Departement van Gesondheid
C Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
D Departement van Onderwys

2.1.8 Gesondheidsorg handel oor die ... van siektes en kwale.

A voorkoming
B bevordering
C voorsiening
D voorskrywing

Kopiereg voorbehou

2.1.9 Gesondheidsorgberoepe word dikwels as ... gesien.

A skadelik
B sorgsaam
C aanvullend
D onbetroubaar

2.1.10 Alle gesondheidsberoepslui hou by 'n ...

A etiese kode.
B gedragskode.
C etiese en gedragskode.
D Geeneen van bogenoemde nie.

(10 × 1) (10)

2.2 Gee 'n definisie van die volgende begrippe:

2.2.1 Gesondheid (2)

2.2.2 Nasionale gesondheidstelsel (3 × 1) (3)

2.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Anna is 'n 32-jarige vrou. Sy bly in 'n pondok agter in haar tannie se huis in Mitchells Plain. Sy is werkloos, swanger en MIV-positief. Anna voel 'n steekpyn in haar buik en besoek haar plaaslike kliniek. Toe sy daar aankom, kry sy 'n pienk leêr en die ontvangsdame beveel haar om in die tou by die vigs-pasiënte te gaan staan. Anna voel uiters verleë aangesien almal in die kliniek hierdie instruksie kan hoor. Die verpleegster trap Anna uit omdat sy swanger is en vertel haar dat sy haar baba se lewe ruïneer. Anna bars in trane uit en vra of 'n ander verpleegster haar kan ondersoek omdat sy ongemaklik voel. Die verpleegster vertel Anna dat sy nie 'n ander verpleegster kan sien nie en dat sy moet ophou huil en kla en haar beurt moet afwag. Die verpleegster gee Anna uiteindelik 'n inspuiting sonder om te verduidelik waarvoor dit is. Sy sê vir Anna dat sy beter sal voel en moet loop.

2.3.1 Noem VYF regte wat Anna as pasiënt het, maar wat hierdie kliniek nie eerbiedig het nie. (5)

2.3.2 Jy was op dieselfde dag by die kliniek en het alles wat gebeur het, aanskou. Gebruik die inligting en skryf 'n brief aan die suster in beheer, suster Msheshwe, om te kla oor die diens wat Anna ontvang het. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 3

3.1 Noem die wet wat by elkeen van die volgende beskrywings pas. Skryf slegs die naam van die wet langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Maak voorsiening vir toegang tot inligting op 'n regverdige en demokratiese wyse

3.1.2 Verleen aan vroue die reg om te kies of hulle 'n aborsie wil ondergaan of nie

3.1.3 Beheers die verspreiding en prysvasstelling van medikasie

3.1.4 Maak voorsiening vir 'n regsraamwerk vir die opname en behandeling van geestesgesondheidspasiënte

3.1.5 Voorsien die raamwerk vir die nasionale gesondheidstelsel

(5 × 2) (10)

3.2 Alle gesondheidsberoepslui word ingevolge die wet verplig om by 'n statutêre liggaam te registreer en daardeur beheer te word.

Beskryf die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging se rol as statutêre liggaam.

(5 × 2) (10)

3.3 Intersektorale samewerking is een van die beginsels onderliggend aan die gesondheidsorgstelsel.

3.3.1 Gee 'n definisie van *intersektorale samewerking*. (1 × 2) (2)

3.3.2 Verduidelik waarom hierdie beginsel vir gesondheidsorg van belang is. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 Kies 'n item of woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Gesondheid	A	mense van 10 tot 19 jaar oud
4.1.2	Primêre gesondheidsorg	B	om gemeenskappe oor gesonde eet- en leefgewoontes te onderrig
4.1.3	Omvattende benadering	C	die sorg aan 'n swanger vrou
4.1.4	Putlatrine	D	om 'n individu te help om weer by 'n normale gesondheidstoestand uit te kom
4.1.5	Voedingsbevorderings-program	E	gemeenskapsgesondheidswerker
4.1.6	Voorgeboortelike sorg	F	eerste vlak van sorg
4.1.7	Hepatitis B	G	inenting wat op ses weke aan babas gegee word
4.1.8	Gesondheidsopvoeding	H	sluit voorkomings-, helings- en bevorderingsgesondheidsorg in
4.1.9	Intersektorale samewerking	I	dokters en verpleegsters wat in 'n kliniek werk
4.1.10	Gesondheidsarbeidsmag	J	mense van 15 tot 24 jaar oud
4.1.11	Veilige water	K	voorkeur aan swanger vroue, babas en chroniese siek pasiënte
4.1.12	GGW	L	'n manier om van menslike afval ontslae te raak
4.1.13	Die jeug	M	die afwesigheid van gesondheid
4.1.14	Adolessent	N	Departement van Gesondheid wat met die Departement van Water en Sanitasie saamwerk
4.1.15	Rehabilitasie	O	fisiese, geestes- en sosiale welstand
		P	'n kraan buite of binne-in 'n huis

(15 × 1) (15)

4.2 NRO's maak 'n belangrike deel van die openbare gesondheidsdienste in Suid-Afrika uit.

4.2.1 Skryf die afkorting *NRO* uit. (1)

4.2.2 Verduidelik waarom NRO's 'n belangrike deel van die openbare gesondheidsdiens uitmaak. (2 × 2) (4)

4.3 Colenso is 'n dorpie wat in KwaZulu-Natal geleë is. Die inwoners van hierdie dorp moet 33 km na Ladysmith toe ry om gesondheidsorgdienste te ontvang. Mnr Mphelo is 'n diabeet en ry maandeliks na die hospitaal.

Een van die doelstellings van die Suid-Afrikaanse distriksgesondheid-sorgstelsel is om gelykheid, toeganklikheid en die aanwending van gesondheidsdienste te bevorder.

Verduidelik hoe hierdie doelstelling nie suksesvol op mnr Mphelo se omstandighede toegepas is nie. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 5

5.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

gedesentraliseerde; distrik; omvattende; sorg; effektiefste; aankoop; private; openbare

5.1.1 Wend al die distrikshulpbronne effektief aan, ongeag of dit openbare of ... hulpbronne of NRO's is.

5.1.2 Die ... bestuur van dienste sluit verantwoordelikheid, gesag en aanspreeklikheid in.

5.1.3 Gesondheidsorg moet op die doeltreffendste en ... wyse moontlik voorsien word.

5.1.4 Die opsie van ... dienste is beskikbaar.

5.1.5 Effektiewe verwysingsmeganismes moet binne-in en tussen distrikte en vlakke van ... tot stand gebring word.

5.1.6 Dienste wat op die ...vlak gelewer word, moet beplan en bestuur word.

5.1.7 Die ... en geïntegreerde dienste wat voorsien moet word, moet distrikshospitaaldienste insluit.

(7 × 1) (7)

5.2 Luke is 'n gemeenskapsgesondheidswerker by 'n plaaslike kliniek. Hy kry die opdrag om 'n bewustheidsveldtog vir adolessente oor die belangrikheid van handewas bekend te stel. Bied die inligting, wat Luke as deel van die voorsiening van 'n omvattende gesondheidsorg kan gebruik, in die tabel hier onder aan.

5.2.1

Voorkomings-gesondheidsorg	Bevorderings-gesondheidsorg	Helings-gesondheidsorg

(3 × 2) (6)

5.2.2 Noem en verduidelik die ander komponente van omvattend sorg.
(3 × 1) (3)

5.3 Die bevordering van behoorlike voeding is een van die dienste wat in die stelsel van primêre gesondheidsorg in Suid-Afrika aangebied word.

5.3.1 Noem VYF weerlose gemeenskappe of groepe wat uit die geïntegreerde voedingsprogram voordeel trek. (5 × 2) (10)

5.3.2 Is dit na jou mening nodig vir die regering om skoolvoedings-programme in te stel? Gee redes vir jou antwoord.
(2 × 2) (4)
[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou